Vriende van Jan Kriel
# Nuusbrief
Junie 2026

# "Die Here het deur die ongeluk my lewe gered"

Die 18-jarige Zinray Buis praat eerlik en reguit. Hy was 4 jaar oud toe 'n motor hom omry en sy lewe onherroeplik verander. 'n Breinbesering laat hom 'n hemipleeg met sy hele regterkant verswak. Sy hart en longe doen permanente skade op en hy moet saans deur 'n tragee met 'n C-PAP masjien lug in sy longe forseer vir asemhaling. En sy mobiliteit is so aangetas dat hy nie ver kan stap nie en met 'n *shoprider* oor die weg kom. Maar sy gees is beslis nie gebreek nie!



Personeel by die skool en die koshuis vertel almal dieselfde verhaal - hierdie jong man is altyd positief. Hy kla nooit nie, soveel so dat hy soms te laat eers vir hul sê as hy siek voel. Sy menswees is 'n inspirasie vir oud en jonk, sy glimlag altyd breed. En so pak hy die lewe voluit aan. Fisies gestremd, een been korter as die ander met 'n skewe voet, trap hy sy spesiaal geboude driewiel fiets tot in die rekord boeke.

Zinray het weereens vanjaar die WP verteenwoordig by die SASAPD *(South African Sports Association for the Physically Disabled)* Nasionale Kampioenskap. Hy het silwer gewen vir die 800m wedren en goud vir 1500m, 13.2km tydwedrenne asook die 26.4km langafstand-resies. Saam met die Spangees-troefee, is hy ook aangewys as *'Most promising cyclist'* op provinsiale vlak.

Sy bynaam in die koshuis is "pastoor". Hoekom, vra ek?



***"Oom, ek hou van bid en Bybel lees. Ek sê Psalm 23 op en bid die Onse Vader-gebed terwyl ek swaar trap aan die lang afstande. Maar meer as dit: Die Here het deur die ongeluk my lewe gered. Die ongeluk is 'n seëning van die Here oor my lewe. Weet oom, al my familie en vriende my ouderdom is óf in die tronk óf op straat saam met die gangs, drugs en geweld. As gevolg van my fisiese gestremdheid na die ongeluk kon ek nie saam met hulle loop nie en só het die Here my lewe deur die ongeluk gered. Hy het my van die straat af gehou en nuwe geleenthede gegee. Ek is dankbaar daarvoor."***

Zinray is in Matriek en beoog om volgende jaar kuns te studeer. Met sy positiewe ingesteldheid en liefde vir die lewe gaan hy beslis nog vèr kom!










# TOUTREKKERS BLINK UIT BY SA-KAMPIOENSKAP

Die 2026 Junior seisoen was 'n triomf vir Jan Krielskool se toutrekspanne, wat by die SA-Kampioenskappe in Robertson deelgeneem het. Met 20 hoër-skoolleerders en 19 laerskoolleerders wat deelgeneem het, het die spanne hul vasberadenheid en talent met die tou gewys. Die Kaalvoetspan, wat vir die eerste keer aan die kampioenskap deelgeneem het, het hul man teen die meer ervare skole gestaan. Die Stewelspan het met sterk vertonings in verskeie gewigsafdelings hul plek tussen die land se topspanne bevestig. Hulle het nie net kompeteer nie, maar hul persoonlike doelwitte oortref. Ons is ongelooflik trots.

**Te danke aan die toegewyde onderwysers, buite-afrigters, leerders en ouers kon hulle nuwe hoogtes bereik. En DANKIE aan donateurs wat 'n bydrae aan hierdie sport en spanne gemaak het!**





# Jan Krielers spog op nasionale vlak

Ralton Rhode, learner at Jan Kriel, has represented the Stellenberg High School first team "Jade Brigade," playing a pivotal role in their historic victories over top-tier teams like Paul Roos and Oakdale Landbou. As a standout rugby player, he is known for his impressive try-scoring ability as a winger. Playing as a right wing, he scored a crucial try in the "Jade Brigade's" historic 20-10 comeback victory against Paul Roos. He also scored in Stellenberg's gritty 15-13 win over Oakdale Landbou and tallied multiple tries in matchups against teams like Voortrekker. He represented the U/18 Western Province LSEN team in 2025 at the SA LSEN Craven Week. He was selected to represent South Africa following his stellar performance at Craven Week.

Yusuf Hannibal, also at Jan Kriel, was selected for the SA LSEN rugby team in 2025 and named captain – an achievement that not only confirms his skills, but also his leadership. Yusuf will be representing the u/18 Western Province LSEN team. This year he is currently playing for Brackenfell High School's first team, playing at flyhalf (No. 10) with confidence and control. His excellent kicking skills and game management make him a key player who consistently helps guide the team under pressure.

Ons is baie trots op vier van ons leerders wat aan die SA Skole Atletiekbyeenkoms by die Pilditch Stadion in Pretoria deelneem het- Luke Visser (Spiesgooi), Kiara Crous (Gewigstoot & Diskus), Zoey Jordaan (100m, 200m & Verspring) en Mia Smith (Verspring). Hulle het hard gewerk om hier te kom en het met deursettings-vermoë gekompeteer. Kiara het goud verwerf, Zoey goud en silver asook nuwe SA skole rekord en Mia het brons huis toe gebring.











# Food Jam @JanKriel

FOOD LOVER'S MARKET





Jan Kriel did it again! With the huge support from **FOOD LOVER'S MARKET** who donated all the ingredients, our guests experienced their very own 'masterclass' and culinary extravaganza at the 2026 Food Jam event.

Celebrity chefs *Johan de Villiers, Lorianne Heyns, Johané Neilson, Marinda Engelbrecht, Bo Zang and Chevonne Fourie* shared unique recipes and incredible tips and tricks. Thank you for donating your time and expertise and allowing us to share your recipes!

View photos and download the electronic recipe booklet online via **www.foodjam.co.za.**















# JKS KULTUUR

Ons hoërskool- en laerskoolleerders het die verhoog behoorlik laat lewe kry met sang, drama, musiek en verskeie kultuuritems. Elke leerder wat deelgeneem het, het met selfvertroue en trots hul talente gedeel en dit was wonderlik om te sien hoe Jan Krielskool se kultuur blom. Baie dankie aan al die ouers, personeel en ondersteuners wat die aand moontlik gemaak het. 'n Spesiale woord van waardering aan elke leerder wat ure se voorbereiding en harde werk ingesit het - julle maak ons trots!







# TROTS JAN KRIEL!

Sonja Jonkers (Matriek 2020) het in 2024 haar proef-tydperk by Jan Krielskool afgelê en verlede jaar haar Nagraadse Onderwyssertifikaat (PGCE) voltooi by UWK, ten spyte van die feit dat sy nie self 'n boek kan vashou of skryf nie! Sy is tans besig met haar Meestersgraad in Taalwetenskap by UWC.





Chase Windshaw, Grade 11, was born with spastic quadriplegic high tone Cerebral Palsy. After years of hard work he has gained movement of his arms and upper body. This year he has done a number of motivational speeches for schools and companies, alongside the likes of Bryan Habanna. It would be easy for someone like Chase to have excuses, but he is motivated and works hard to achieve greatness in sports and culture. WELL DONE Chase - you are truly an inspiration!

Recipient of the Karel Kriel Scholarship 2024, Nasr Esau, is currently pursuing a degree in Education at UWC. He received the 'Dean's Merit List Award' for his accomplishments during his 2025 studies.



Jan Kriel
INSTITUUT • INSTITUTE

**Gee 'n Kind 'n Kans!**

(021) 903 0434
info@jankriel.co.za
068 280 1878
www.jankriel.com

NPO 301696 PBO 930081236
Posbus 650, Kuilsrivier, 7579

Absa Bank 3010141566
Kuilsrivier Tak 632005
SWIFT CODE: ABSA ZAJJ